AfriForum

# PRAKTIESE VEILIGHEIDSWENKE

## vir jou feestydvakansie



# Inhoudsopgawe

**Inleiding** ... **1**

**Verkeersverwante wenke** ... **1**

Wat om te doen as jy afgetrek word ... 1

Padblokkades en padkontroles ... 2

Alkohol ... 4

Verkeersoortredings ... 4

Inhegtenisname ... 5

Hoe moet 'n motoris nie optree nie? ... 5

Hoe moet 'n motoris optree? ... 5

Wat die verskillende kleure ligte op die pad beteken ... 6

**Ontvoering van kinders** ... **7**

**Veiligheidswenke as jy met vakansie gaan** ... **8**

Beplanning ... 8

Alarm ... 8

Beligting ... 9

Beursies ... 9

Bure ... 9

Heinings en hekke ... 9

Lughawe-moets en -moenies ... 9

Motors en motorfietse ... 9

Perseel ... 9

Tuin ... 9

Waardevolle items ... 10

Jou voertuig ... 10

Sosiale media ... 10

**As jy die vakansie by die huis bly** ... **10**

Asblikke ... 10

Beligting ... 10

Heinings en hekke ... 10

Voertuie ... 10

Waardevolle items ... 10

Kapings ... 10

Moets en moenies ... 11

Ken jou omgewing ... 11

Beurtkrag 11
Posbusse 11
**As jy op die plaas is 11**
**Ysterpeninsidente 13**
**Algemene huis- en buurtwenke 13**
**Persoonlike veiligheid 14**

*Hierdie feestydvakansiegids bied slegs wenke en moenie met regsadvies verwar word nie. AfriForum kan nie aanspreeklik gehou word vir enige nadelige gevolge wat uit die gebruik van hierdie gids spruit nie.

# Inleiding

Die Desember-en-Januarie-vakansie bied die ideale geleentheid vir ontspanning, gehaltegesinstyd en om spesiale herinneringe te skep. Ongelukkig is daar in hierdie tyd ook verhoogde veiligheidsrisiko's – van druk verkeer en (on)wettige padblokkades tot moontlike magsmisbruik deur wetstoepassingsbeamptes. As jy met vakansie weggaan, laat jy boonop jou huis agter met die hoop dat niemand daar inbreek nie.

Om jou te help om jou gesin se veiligheid te verhoog, het AfriForum hierdie gids vol praktiese wenke en inligting saamgestel. Dit bevat wenke oor padveiligheid, insigte oor jou regte, en riglyne vir die beskerming van jou huis en haard terwyl jy weg is. Só kan jy met meer gemoedsrus jou vakansie ten volle geniet, of jy nou weggaan en of jy nou tuisbly. Hierdie gids beklemtoon ook die belangrikheid van waaksaamheid tydens gesinsuitstappies, insluitend bewusmaking van jou kinders se vriende en hul ouers.

Een van die grootste foute wat mense maak, is om te vergeet dat misdadigers nie met vakansie gaan nie. Dit is dus uiters belangrik dat jy steeds 'n veiligheidsbewussyn handhaaf – al is jy met vakansie.

Hierdie alles-in-een-hulpbron kan jou help om jou vakansie sorgvry en veilig te maak, en dek die volgende temas:

- verkeersverwante wenke – inligting oor padblokkades en -kontroles, en wat jou regte en verantwoordelikhede is, asook inligting oor 'n verskeidenheid van verkeersverwante temas
- kinderontvoering en hoe om dit te verhoed
- veiligheidswenke vir jou huis wanneer jy met vakansie gaan
- veiligheidswenke as jy tuis bly
- veiligheidswenke as jy op die plaas is
- inligting oor ysterpeninsidente op snelweë
- algemene huis en buurtwenke
- persoonlike veiligheid

# Verkeersverwante wenke

AfriForum wil jou regte en verpligtinge op die pad in hierdie gedeelte verduidelik. Ons riglyne is spesifiek vir mense wat alleen, sonder getuies en veral in die nag deur wetstoepassingsbeamptes gestop word. Onthou dat dit belangrik is om die wetstoepassingsbeamptes se wettige opdragte altyd te gehoorsaam.

Wetstoepassingsbeamptes en veral verkeersbeamptes het die reg om jou enige tyd te stop.

## Wat om te doen as jy afgetrek word

1. As jy onveilig voel, ry stadig en skakel jou motor se waarskuwings- en dakligte aan.
2. Wys vir die beamptes om agter jou na die naaste vulstasie of polisiekantoor aan te ry, maar moenie dit laat lyk asof jy probeer wegkom nie.
3. Moenie vinnig ry nie en bly kalm.
4. Volg alle verkeersreëls.

5. Parkeer jou motor op ’n openbare plek waar daar ander mense is of kamerastelsels jou kan opneem.
6. As die beamptes jou identiteit vra, móét jy jou naam, adres of enige ander besonderhede verskaf. Dit is ’n oortreding as jy dit nie doen nie, en jy kan aangehou word om jou identiteit te bevestig.
7. Jy kan die beamptes vra om hulself te identifiseer deur ’n aanstellingsertifikaat te toon. As die beamptes weier, kan enige verdere optrede teen jou onregmatig wees.
8. Wetstoepassingsbeamptes kan ook eis om jou bestuurslisensie te sien.
9. Bly in jou voertuig tensy die beamptes jou ’n redelike opdrag gee om uit te klim. Die beamptes mag nie jou voertuig se sleutels neem nie – dit is diefstal.

Die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 verseker dat wetstoepassingsbeamptes maklik geïdentifiseer kan word:

- Ingevolge dié wet moet beamptes se name op hul uniforms verskyn. As dit nie die geval is nie, kan jy die beamptes vra vir hul name.
- Alle amptelike polisievoertuie het ’n kode aan die kant. Die letters staan vir die stasie se naam en die syfers vir die voertuig se nommer. As jy afgetrek word, is dit goed om hierdie kode of die registrasienommer te onthou of onopsigtelik ’n foto daarvan te neem.

Die beamptes mag jou deursoek en/of op ’n item beslag lê slegs indien:

1. daar ’n redelike vermoede bestaan dat jy ’n misdryf gepleeg het en hulle redelikerwys dink dat ’n lasbrief vir inhegtenisname uitgereik sal word indien hulle aansoek doen, of
2. die beamptes in besit is van ’n lasbrief vir inhegtenisname wat hiervoor uitgereik is.

Jy kan wel toestemming gee vir ’n deursoeking. As jy kragtens ’n lasbrief gearresteer word, moet die oorspronklike lasbrief aan jou getoon word. Jy het ook die reg om later ’n afskrif van daardie lasbrief te ontvang. Indien daar beslag op jou eiendom gelê word, het jy die reg op ’n beslagleggingsbewys. Onthou dat beamptes die nodige geweld mag gebruik om jou te deursoek as jy jou teen ’n wettige deursoeking verset.

## Padblokkades en padkontroles

Die wetstoepassingsbeamptes wat die blokkade opgestel het en beman, moet altyd in uniform wees. Indien ’n persoon deursoek word, behoort dit gedoen te word deur ’n beampte van dieselfde geslag; verkieslik in ’n privaat, beskutte area. Padblokkades ontwrig verkeersvloei en vereis skriftelike magtiging, maar dieselfde geld nie vir padkontroles nie. Padblokkades word gewoonlik gekenmerk deur keëls, ligte en tekens, wat nie noodwendig by padkontroles nodig is nie.

### Padblokkades

’n Padblokkade moet met die nodige vooraftoestemming by die toepaslike rolspelers opgerig word. Dié tipe blokkade word gewoonlik opgestel indien die polisie na ’n spesifieke voertuig of persoon op soek is, of met betrekking tot ’n spesifieke misdaad. Met hierdie tipe padblokkades kan die volgende plaasvind:

- Voertuie en persone kan sonder ’n lasbrief deursoek word.
- Persone kan in hegtenis geneem word indien hulle in besit is van ongemagtigde goedere of indien hulle hulself aan ’n misdryf skuldig maak of skuldig gemaak het.

- Daar kan op die bogemelde ongemagtigde goedere beslag gelê word.
- Indien versoek, moet die lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ’n sertifikaat toon wat deur die polisiekommissaris uitgereik is en wat sodanige blokkade bevestig, tesame met die duur van die blokkade en die rede daarvoor.

**Padkontroles**

Artikel 3(l) van die Nasionale Padverkeerswet magtig nie deursoeking en beslaglegging sonder ’n lasbrief nie. Hierdie kontroles is gewoonlik informeel op hoofweë en ander besige paaie.

Indien ’n voertuig of persoon deursoek word, moet ’n lasbrief getoon word op die persoon se aandrang, behalwe as die persoon tot die deursoek van hom en sy eiendom toestem. Die persoon of voertuig kan ook deursoek word sonder ’n lasbrief indien die wetstoepassingsbeamptes op redelike gronde dink dat ’n lasbrief toegestaan sal word indien daarvoor aansoek gedoen word, en indien die betrokke beamptes van die opinie is dat die tyd wat dit neem om vir ’n lasbrief aansoek te doen die deursoeking sal verydel.

Die fokus van sulke kontroles is uitstaande boetes, om persone vas te trek wat onder die invloed bestuur, om bestuurders vas te trek wat die spoedgrens oorskry, en om ’n voertuig se padwaardigheid te bepaal.

Geen boetes hoef by die kontrole betaal te word nie en geen arrestasie kan plaasvind vir sodanige uitstaande boetes indien die wetstoepassingsbeamptes nie ’n lasbrief tot die effek kan toon nie.

Wetstoepassingsbeamptes **mag nie**

- jou fisies of verbaal mishandel of jou eiendom beskadig nie.
- jou dreig bloot om jou in hegtenis te neem nie.
- vra vir omkoopgeld nie.
- jou dwing om verkeersboetes langs die pad te betaal nie, selfs al is ’n fasiliteit soos ’n bus daar vir jou om dit te doen.
- jou bestuurslisensie van jou weerhou om jou op dié wyse te dwing om uitstaande verkeersboetes te betaal waarvoor daar geen lasbrief vir inhegtenisname bestaan nie.
- jou regmatig bekomde bestuurslisensiekaart konfiskeer nie.
- jou voertuig skut sonder redelike gronde nie.

Jy **mag**

- eis om die beamptes se aanstellingsertifikate te sien.

Jy **mag nie**

- beamptes fisiek of verbaal mishandel of hul eiendom beskadig nie.
- weier om ’n asemtoets of bloedalkoholmonster te verskaf nie.
- inhegtenisname weerstaan nie.
- omkoopgeld aanbied of betaal nie.

Jy moet respekvol wees en jou daarvan weerhou om jou selfoon doelbewus in wetstoepassers se gesigte te druk, wat tot verdere konfrontasie kan lei.

Onthou dat waar die prosesse gebrekkig is en jou regte geskend word, jy moontlik deur middel van siviele litigasie die beamptes verantwoordelik kan hou. Raadpleeg so gou as moontlik jou prokureur vir verdere leiding in die verband.

## Alkohol

Geen bestuurder van ’n voertuig mag weier dat bloed- of asemmonsters deur wetstoepassingsbeamptes of die aangewysde geneesheer (in die geval van ’n bloedmonster) geneem word nie. As jy weier, mag die nodige geweld gebruik word om dié monster te bekom. Die beamptes sal versoek dat jy in ’n blaasmasjien blaas. Dié blaasmasjien se mondstuk mag nie voorheen gebruik wees nie en moet voor jou uit die geseëlde verpakking gehaal word. Die beamptes moet ook wys dat die lesing op nul is.

Indien die masjien aandui dat jy moontlik onder die invloed van alkohol is, sal die beamptes jou in hegtenis neem en na die naaste distrikgeneesheer neem. Nadat jy in hegtenis geneem is, mag jy nie weier dat ’n bloedmonster geneem word nie. Die beamptes mag die nodige geweld gebruik, byvoorbeeld om jou vas te druk om die geneesheer in staat te stel om die bloedmonster te neem. Die bloedmonster word gebruik om te bepaal of daar meer as die toegelate alkoholvlak in jou bloed is.

Dit is baie belangrik om sorgvuldig te let op die tyd waarop jy getoets is en die tyd wanneer die bloedmonster geneem word, en so ook die asemmonster. Bou so gou as moontlik ’n tydlyn van gebeure op, aangesien die inligting kritiek is om te onthou.

## Verkeersoortredings

Wanneer jy ’n verkeersoortreding begaan, mag die beamptes stappe doen om toe te sien dat verkeerswetgewing afgedwing word:

1. Die beamptes kan ’n skriftelike kennisgewing uitreik met ’n datum waarop jy in die hof moet verskyn om op die klag teen jou te antwoord. In die meeste gevalle sal jy die geleentheid gegun word om ’n erkenning van skuld te betaal om dié hofverskyning te vermy. Die bedrag van die boete asook die datum en plek waar betaling moet geskied, word op die boete aangedui.
2. Die beamptes kan jou van enige uitstaande boetes teen jou inlig en kan ook enige uitstaande lasbriewe uitvoer en jou in hegtenis neem. Die inhegtenisname geskied dan ingevolge ’n lasbrief vir minagting van die hof, wat deur ’n hof gemagtig is. Dié lasbrief moet ’n hofstempel bevat. Jy moet alle dagvaardings met ’n datum van ’n hofverskyning eerbiedig.
3. As daar geen lasbrief vir inhegtenisname is nie, het ’n wetstoepassingsbeampte geen magtiging om jou in hegtenis te neem of selfs aan te hou vir ’n uitstaande verkeersboete nie. Hulle het egter die magtiging om ’n dagvaarding te beteken sodat jy op ’n sekere datum in die hof moet verskyn. Boonop kan hulle gemagtig word om jou in hegtenis te neem vir ’n misdaad wat gepleeg is, moontlik as gevolg van die deursoeking van jou voertuig.
4. Indien jou voertuig nie padwaardig is nie, kan die beamptes weier dat jy verder met dié voertuig ry.

## Inhegtenisname

Verkeersbeamptes mag jou sonder ’n lasbrief in hegtenis neem slegs as

1. jy in die beamptes se teenwoordigheid ’n misdryf pleeg of poog om dit te pleeg.
2. die beamptes redelikerwys vermoed dat jy ’n bylae 1-misdryf (soos bepaal deur die Strafproseswet)[1] gepleeg het.
3. jy uit wettige bewaring ontsnap het of probeer om daaruit te ontsnap.
4. jy in besit is van enigiets wat die beamptes vermoed gesteelde goedere is.
5. jy die beamptes opsetlik in die uitvoering van hulle plig belemmer.

Nadat hulle jou in hegtenis geneem het, moet hulle vir jou sê wat jou regte is. Hulle moet jou ook vertel waarom jy in hegtenis geneem word. Vra hulle beleefd daaroor uit as hulle dit nie self doen nie. As hulle sê jy word in hegtenis geneem omdat daar ’n lasbrief teen jou uitgereik is, mag jy vra vir ’n afskrif daarvan. Jy hoef nie te wag terwyl hulle die lasbrief gaan kry nie – jy kan steeds bel en hulp kry. Hulle moet jou dan dadelik na die naaste polisiestasie neem.

## Hoe moet ’n motoris nie optree nie?

1. Moenie omkoopgeld betaal nie. Dit is onwettig.
2. Moenie op die beamptes skree of jou humeur verloor nie.
3. Vermy enige arrogansie en konfrontasie, en moenie ’n argument uitlok nie.
4. Moenie vir die beamptes voorskryf hoe om hul werk te doen nie.
5. Moenie die beamptes fisiek belemmer om hul pligte uit te voer deur byvoorbeeld ’n kamera in hul gesigte te druk nie.
6. Moet geen boetes daar en dan betaal nie, al vereis die beamptes dit. AfriForum moedig die publiek aan om op ’n amptelike platform te registreer sodat jy ingelig is oor enige uitstaande boetes.
7. Moet inhegtenisname egter nooit teenstaan nie. Die beamptes mag geweld gebruik om jou op ’n wettige wyse te arresteer. As jy jou teësit, kan dit die beamptes oorhaal om aggressief teenoor jou en jou passasiers op te tree. Indien die inhegtenisname onregmatig is, kan jy later ’n eis teen die owerheid indien.

## Hoe moet ’n motoris optree?

### Praktiese wenke

- Bly kalm.
- Vra spesifieke vrae indien daar op jou regte inbreuk gemaak word, byvoorbeeld: “Waarom deursoek jy my? Wat het ek verkeerd gedoen?”
- Neem soveel moontlik foto’s en video’s, maar so onopsigtelik moontlik.
- Probeer om die gesprek tussen jou en die beamptes sover moontlik op te neem. Jy het die reg om enige gesprek op te neem waaraan jy deelneem. Geen beampte mag op jou selfoon of kamera beslag lê bloot omdat jy die gesprek opneem nie. As daar meer mense betrokke is, moet soveel moontlik van hulle probeer om die gesprek op te neem of te verfilm.

---

[1] Bylae 1-misdrywe sluit in:
- moord
- opsetlike saakbeskadiging
- brandstigting.

- Kry soveel moontlik inligting en skryf dit neer as jy dit nie op jou foon kan bewaar nie.
- As die beamptes beweer dat daar uitstaande boetes is, mag jy skriftelike (gedrukte) bewyse van die besonderhede van dié boetes versoek en die beamptes vriendelik versoek om die nodige aandag daaraan te skenk.
- As jy bekommerd raak oor die situasie, bel onmiddellik iemand wat jy kan vertrou en aan wie jy kan verduidelik wat aangaan, al is dit lopende kommentaar.
- Bou ’n tydlyn van die gebeure op sodat die inligting gestoor kan word indien dit nodig is om dit later te gebruik.
- Stoor jou ligging deur ’n plekspeldjie te stoor op die plek waar die insident plaasgevind het.

## Wat die verskillende kleure ligte op die pad beteken

### Blou ligte

’n Blou lig mag slegs deur die volgende beamptes gebruik word:

- lede van die SAPD en munisipale of metropolisiedienste
- wetstoepassingsbeamptes wat lede is van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Militêre Polisie.

### Rooi, groen en wit ligte

Die volgende identifikasieligte mag op die volgende voertuie gebruik word:

- rooi ligte: ambulanse, brandbestrydings- of reddingsvoertuie
- groen ligte: rampbestuursvoertuie
- wit ligte: voertuie wat deur ’n geregistreerde sekuriteitsdiensverskaffer besit word en deur ’n sekuriteitsbeampte bestuur word.

### Amberkleurige ligte

Amberkleurige ligte kan op die volgende voertuie gebruik word:

- in diens in verband met die instandhouding van openbare paaie
- betrokkenheid by die verspreiding en verskaffing van elektrisiteit
- betrokkenheid by die verskaffing van noodsaaklike openbare dienste
- bedrywighede ingevolge die magtiging wat deur die LUR gegee is ingevolge artikel 81 van die regulasies wat in 2000 ingevolge die Nasionale Padverkeerswet gepubliseer is
- onklaar voertuie
- vulliskompakteerders
- voertuie wat ’n abnormale vrag dra en die voertuie wat hulle begelei (as daar is).

### Oranje ligte

’n Flikkerende oranje lig mag slegs soos volg gebruik word:

- wanneer ’n voertuig onklaar geraak het
- waar instandhouding of ander werk, of ’n inspeksie uitgevoer word
- wanneer ’n motorvoertuig gesleep word
- wanneer ’n voertuig ’n abnormale vrag dra.

## Ontvoering van kinders

Die een oomblik is sy daar, en die volgende oomblik is sy weg.

Dit is elke ouer se ergste nagmerrie om nie te weet waar hul kind is of wat met hulle gebeur het nie. Die ontvoering en uitbuiting van kinders is ongelukkig 'n aaklige werklikheid – 'n realiteit wat vir die voorsienbare toekoms met ons gaan wees.

Hier is 'n paar feite oor ontvoerings en uitbuiting, en wenke vir ouers om hierdie gevare te voorkom. Volgens die SAPD se Vermistepersoneburo verdwyn daar elke ses uur 'n kind in Suid-Afrika. Dit kom neer op 1 460 kinders per jaar.

Die werklikheid is skokkend en onmiskenbaar – daar is 'n enorme vraag na kinders wat ontvoer word vir gedwonge (goedkoop) arbeid of seksuele uitbuiting.

Volgens Kenneth Wooden, stigter en president van Child Lures® Prevention, behels die meeste ontvoerings misleiding deur middel van bekende lokmiddels.[2] Die wreedste dade teen kinders begin dikwels met gratis lekkers, beloftes van 'n modelkontrak of 'n foto van 'n oulike katjie. Die volgende is die gewildste wyses hoe predatore kinders lok (aangepas uit Wooden):

1. **Verlore troeteldiere**: Vestig jou kinders se aandag daarop dat hulle moontlik in gevaar kan wees as 'n onbekende volwassene hulle vra om 'n verlore troeteldier te help soek, en dat hulle daarvandaan moet wegkom.
2. **Hulp**: Leer jou kinders dat volwassenes nie kinders vra vir hulp nie – hulle vra ander volwassenes. Wooden raai aan om kinders te leer om in die teenoorgestelde rigting te hardloop as 'n onbekende en verdagte volwassene hulle vanuit 'n motor nader roep. Belangriker nog: As jou kind in 'n motor sit en 'n onbekende en verdagte volwassene die motor nader en aan die deur klop, sê vir jou kind om dit onder geen omstandighede oop te sluit nie.
3. **Aantreklike werksaanbiedings**: In die vakansietyd is baie kinders op die uitkyk vir 'n deeltydse betrekking om sakgeld te verdien. Booswigte is terdeë bewus hiervan en gebruik dan baie aanloklike aanbiedings om kinders in lokvalle te lei.
4. **Winkelsentrums:** Winkelsentrums is populêre uithangplekke vir kinders en tieners. Ongelukkig is booswigte ook hiervan bewus en teiken kinders juis in hierdie plekke omdat ouers in baie gevalle nie in die onmiddellike omgewing teenwoordig is nie.

Daar is egter ook 'n paar wenke wat Wooden gee:

1. **Bevestig jou gesag.** Maak seker dat jou kinders begryp dat hulle nooit saam met vreemdelinge moet gaan sonder jou mondelinge toestemming nie, selfs al dra die vreemdeling 'n uniform of wys 'n kenteken of ID. Die enigste wyse waarop mens regtig kan weet of iemand 'n seksuele oortreder is, is as hulle 'n rekord het – of as 'n ma goeie instinkte het. Dit is andersins moeilik om dit sommer op die oog af te kan vasstel. As jy 'n slegte gevoel kry oor volwassenes met wie jou kind voortdurend in aanraking kom – soos iemand wat buitemuurse aktiwiteite vir jou kind aanbied – moet dit nie ignoreer nie. Hou jou kind eerder weg. Vra ook verder uit as jou kind sê dat hy/sy ongemaklik by iemand is. Intuïsie is nie psigiese onsin nie. Dit is 'n oorlewingsinstink wat die mensdom toegelaat het om vir millennia roofdiere met sowel vier as

[2] Heins, K.M. N.d. *How to keep your child safe from abduction*. Beskikbaar by https://www.bridges4kids.org/articles/2005/4-05/AB11-04.html. Geraadpleeg op 5 November 2025.

twee bene te vermy. Sê vir jou kinders om hul intuïsie te vertrou. Herinner hulle daaraan dat dit beter is om ná die tyd verleë te wees as hulle verkeerd was, as om 'n slagoffer te word.

2. **Praat openlik en gereeld**. Maak seker dat jou kinders weet wat gepas is vir hul ouderdom. Vir jong kinders is dit genoeg om te weet dat hul privaat dele buite perke is en hulle jou moet vertel as iemand hulle aanraak of probeer om hulle op plekke te raak wat hulle skaam of ongemaklik laat voel. Speel scenario's uit, soos wat om te doen as 'n vreemdeling langs hulle in 'n motor stop, om dié lesse te laat insink.
3. **Skep 'n familiefoonboekbiblioteek**. Ontwerp 'n bladsy vir elke kind wat huis- en selfoonnommers van vriende se gesinne insluit. In die geval dat jou kind vermis word, het jy ook 'n onmiddellike netwerk van mense wat jy kan bel om nie net vas te stel of jou kind by een van dié mense is nie, maar ook om te help soek en die boodskap te versprei dat jou kind verdwyn het.
4. **Belê in goeiegehalte-GPS-opsporingshorlosies** vir jou kinders en maak seker die batterye word gereeld herlaai. Maak ook jouself vertroud met sulke horlosies en die uitgebreide funksies wat dit bied, en toets dié funksies gereeld. Dit sal jou waardevolle tyd bespaar indien jy dit ooit moet gebruik.
5. **Vertel jou kinders om te kyk vir 'n vrou met kinders**. In plaas daarvan om kinders te leer dat hulle vir alle vreemdelinge moet oppas, moet jy jou kinders help om te begryp dat sommige vreemdelinge hulpvaardig kan wees. As 'n kind afgedwaal het, bedreig word of hulp nodig het, leer hulle om na die naaste vrou met kinders te gaan. Statisties gesproke sal 'n vrou met kinders die waarskynlikste wees om jou kind te help en nie te benadeel nie. 'n Winkelassistent agter 'n toonbank is ook 'n goeie keuse. Hulle is in 'n openbare plek en kan die SAPD ontbied indien nodig.
6. **Ken almal met wie jou kinders in aanraking kom**. Ouers moet die agtergrond ken van almal met wie hul kind voortdurend in aanraking kom. Maak ook seker dat jy albei ouers van al jou kinders se vriende ontmoet, veral as hulle by dié vriende wil gaan oorslaap. Jy sal nie noodwendig kan sê of hulle booswigte is nie, maar hulle sal minder geneig wees om op jou kind jag te maak as hulle weet jy en jou kind het 'n hegte verhouding.
7. **Wees paraat.** Wees altyd bewus van waar jou kinders is. Probeer veral gedurende vakansies om saam met hulle deel te neem aan aktiwiteite waarin hulle belangstel. Moenie hulle uit die oog verloor nie. Maak seker dat daar 'n vorm van kommunikasie tussen jou en jou kinders is, byvoorbeeld selfone of tweerigtingradio's.

# Veiligheidswenke as jy met vakansie gaan

## Beplanning

Maak seker jy is vertroud met basiese inligting oor die plek waar jy gaan vakansie hou. Hoe lyk die misdaad in daardie omgewing? Waar is die naaste hospitaal, polisiestasie of AfriForum-buurtwag. Maak seker jy het plaaslike noodkontaknommers en -inligting.

## Alarm

1. Toets jou alarmstelsel en sorg dat die persoon wat na jou huis kyk weet hoe dié stelsel werk.
2. Koppel jou alarmstelsel aan 'n reaksie-eenheid.
3. Toets alle paniekknoppies.

## Beligting

1. Sorg dat die buiteligte en sensors in 'n werkende toestand is.
2. Gebruik ligte in die huis wat aan tydskakelaars gekoppel is.

## Beursies

1. Moenie beursies en selfone in broeke se agtersakke dra nie.
2. Moenie groot bedrae kontant saam met jou dra nie.
3. Hou jou handsak op jou skoot wanneer jy by 'n restaurant eet.
4. As jy probleme by 'n OTM ondervind, skakel jou bank en kanselleer jou kaart.

## Bure

1. Sorg dat jou bure jou kontakbesonderhede het en dié van die persone wat na jou huis en diere kyk.
2. Stel jou bure in kennis oor jou weggaan- en terugkeerdatum.

## Heinings en hekke

1. Maak seker dat jou elektriese omheining in 'n veilige, werkende toestand is.
2. Maak seker dat alle slotte, deure, vensters en veiligheidshekke behoorlik toe is en gesluit is.

## Lughawe-moets en -moenies

1. Moenie buitelandse geld op die lughawe ruil nie.
2. Maak seker dat jy nie agtervolg word as jy mense by die lughawe oplaai nie.

## Motors en motorfietse

1. Sluit jou motors en motorfietse toe.
2. Moenie motorsleutels op plekke los waar dit maklik bereikbaar is nie.
3. Toets jou voertuig se opsporingstelsel.
4. Doen pakwerk vir die vakansie waar niemand jou motor kan sien nie.
5. Moenie langs die pad stop tensy jy heeltemal seker is dat dit veilig is nie.

## Perseel

1. Moenie enige sleutels buite wegsteek nie.
2. Bêre alle tuingereedskap, stoele, tuinslange, ens.
3. Installeer geslotebaankameras.
4. Moenie vensters naby jou bedkassie of bed oop los nie.

## Tuin

1. Reël dat iemand jou tuin versorg terwyl jy met vakansie is.
2. Snoei bome en struike naby ingange na jou eiendom en langs jou elektriese heining.

### Waardevolle items

1. Sluit waardevolle items in ’n kluis toe.
2. Maak seker dat TV’s en elektroniese toestelle nie van buite af sigbaar is nie.
3. Sluit elektroniese toestelle op ’n veilige plek toe.

### Jou voertuig

Maak seker dat jou voertuig padwaardig is wanneer jy die langpad aandurf. Beplan jou roete voordat jy jou reis begin. Pak ’n doelgemaakte noodhulpkissie om vir mediese noodgevalle voorsiening te maak.

### Sosiale media

1. Moenie op openbare groepe sê dat jy weggaan nie.
2. As jy jou vakansiefoto’s op sosiale media plaas, adverteer dit dat jy nie tuis is nie.

## As jy die vakansie by die huis bly

### Asblikke

1. Sorg dat alle asblikke weggebêre is.
2. Moenie die verpakking van nuwe elektroniese toerusting in of langs die asblik sit nie.

### Beligting

1. Gebruik sensorligte.
2. Maak seker dat areas naby ingange en kamervensters behoorlik verlig is.

### Heinings en hekke

1. Maak seker dat jou hekke nie van die spoor gelig kan word nie.
2. Kyk dat daar nie vermiste panele, gate of vreemde voorwerpe in en om jou heining is nie.
3. Maak seker dat jou hekmotor nie verwyder kan word nie en gesluit is.

### Voertuie

1. Bêre jou motorsleutels veilig weg.
2. Sluit altyd jou voertuig se deure.
3. Moenie waardevolle items in jou voertuig los waar dit van buite af sigbaar is nie.

### Waardevolle items

1. Moenie ’n kluis installeer of gebruik waar mense dit kan sien nie.
2. Kyk TV op só ’n wyse dat dit nie van buite af sigbaar is nie.

### Kapings

1. Moenie elke dag dieselfde roetine of roete volg nie.
2. Wees waaksaam as jy by jou hek stop.

3. Indien jy gekaap word, volg die kapers se instruksies en moenie na hul gesigte kyk of met hul stry nie.
4. Maak altyd seker dat daar genoeg spasie tussen jou en die voertuig voor jou is om weg te kom indien dit nodig is.
5. Moenie jou selfoon by ’n rooi lig gebruik nie. Wees paraat en bewus van die omstandighede om jou.

### Moets en moenies

1. Moenie saans uitgaan as jy iets buite hoor nie. Ontbied eerder hulp.
2. Moenie werkers van die straat af in diens neem nie.
3. Laat jou honde in die huis slaap en kyk vir gif in jou erf.
4. Meld enige verdagte persoon of motor by jou veiligheidstrukture aan.

### Ken jou omgewing

1. Let op na hoe jou of die bure se honde blaf. Dit is dikwels ’n aanduiding van gevaar of ’n bedreiging.
2. Vind uit wanneer jou bure met vakansie gaan. Bekom die nodige telefoonnommers wat jy kan gebruik as ’n noodgeval opduik.
3. Sluit by die buurtwag aan, ry patrollies en neem kennis van inligting wat ingewin word.

### Beurtkrag

Bly ingelig van die beurtkragskedule in jou omgewing. Kragonderbrekings maak huise ’n sagter teiken waartoe misdadigers dan makliker toegang kan kry.

### Posbusse

1. Maak jou posbus daagliks leeg.
2. Verwyder gemorspos by jou hek.
3. As jy met vakansie is, reël iemand om jou posbus leeg te maak.

## As jy op die plaas is

1. Bevriend jou bure. Jou bure is die eerste mense wat jou kan bereik as daar moeilikheid is. Hulle kan ook help om verdagte gebeure op en om jou plaas waar te neem.
2. Sorg dat jy die telefoonnommers van jou bure ken.
3. Sluit by die plaaslike buurt- of plaaswag aan. Indien daar nie een is nie, neem die leiding en stig een.
4. Wees paraat en gebruik veiligheidshekke en dies meer vir die doel waarvoor dit daar is. ’n Veiligheidshek is van geen waarde as dit oopstaan nie. Misdadigers kan enige tyd van die dag toeslaan. Wees dus altyd op die uitkyk vir waarskuwingstekens.
5. Gebruik veiligheidstoerusting tot jou voordeel om tyd te koop in aanloop tot ’n plaasaanval. Maak seker die elektriese heining, infrarooistrale en alarms werk en is geaktiveer.

6. Veiligheidshekke en -deure, asook ander vorme van fisieke grense, maak dit moeiliker vir misdadigers om by jou uit te kom. Bring ’n ysterhek in jou gang aan wat jou en jou gesinslede meer tyd sal gee om te beplan indien misdadigers toegang tot die huis verkry.
7. Moenie dink dat jy nooit aangeval of oorrompel sal word nie. Dit kan met enigiemand gebeur.
8. Roetine kan ’n goeie en slegte ding wees. Aan die een kant kan misdadigers jou gereelde roetine bestudeer en sodoende bepaal wanneer jy op jou kwesbaarste is en dan toeslaan. Aan die ander kant skep roetine ook ’n verwagting by jou vriende, familie en bure. As jy en ander mense in die gemeenskap byvoorbeeld elke dag op dieselfde tyd kinders by die skool aflaai en een dag is so ’n persoon nie daar nie, kan dit ’n aanduiding wees daarvan dat iets met daardie persoon gebeur het. Bel en vind uit. Ander roetines kan aangepas word. Wissel byvoorbeeld die tyd af wat jy uitgaan om die honde kos te gee of om die tuin nat te lei.
9. Vra iemand betroubaar om na die plaas om te sien as jy met vakansie gaan.
10. As jy by die huis kom, ry (indien moontlik) gereeld om die opstal om te sien of misdadigers jou dalk inwag.
11. Maak voorsiening vir ’n tweede ingang na jou opstal. Hou dit skoon sodat jy ver voor jou kan sien. Klippe en ander voorwerpe kan maklik in die pad geplaas word om jou te dwing om te stop.
12. Met jou tuiskoms moet jy gewapen en vir enige gebeurlikheid gereed wees.
13. ’n Elektriese motorhek word bo ’n oopstoot- of swaaihek verkies sodat jy nie uit jou voertuig hoef te klim om dit oop te maak nie.
14. Behoorlike beligting om die huis is noodsaaklik.
15. Sny die onderkante van bome gereeld skoon om wegkruipplekke vir misdadigers te beperk.
16. Gebruik gruis om jou huis om as ’n vroeë waarskuwing te dien.
17. Hou genoeg waghonde aan. Hulle is jou oë en ore. As jou honde blaf, is daar gewoonlik goeie rede daarvoor. Moenie dit ignoreer nie.
18. Wees op die uitkyk vir gras wat platgelê is. Dit kan ook ’n aanduiding wees dat iemand daar geskuil het.
19. WhatsApp-groepe is ’n voorbeeld van moderne tegnologie wat ’n groot rol kan speel in die beveiliging van plase. ’n Mens kan egter nie net op selfone vir veiligheid staatmaak nie. Oorweeg dit om tweerigtingradio’s aan te skaf of om ’n sirene te installeer wat gebruik kan word indien daar ’n probleem is. Opleiding in die gebruik van die radio’s is belangrik. ’n Kode om nood aan te meld word ook voorgestel. Sodoende kan iemand wat byvoorbeeld deur misdadigers gedwing word om aan te meld dat alles reg is, wel die boodskap oordra dat daar moeilikheid is.
20. ’n Mens moet nooit ná donker jou huis se veiligheidsone verlaat om buite ondersoek te gaan instel ná ’n alarm wat afgegaan het, of ’n kraan wat loop of selfs iemand wat huil nie. Misdadigers gebruik allerlei taktieke om mense uit hul huis te lok.
21. Slaan ag op vroeë waarskuwingstekens. Heinings wat reg opgestel is en ewe skielik seine of alarms stuur, kan ’n teken wees dat iemand die plaas probeer betree. Ontbied hulp onmiddellik.
22. Indien jy iemand op jou eiendom betrap moet ’n dossier by die SAPD geopen word en ’n klag ingedien word. Vingerafdrukke moet geneem word om te bepaal of die persoon dalk vir ander misdade gesoek word. Meld alle verdagte persone en voertuie by jou naaste polisiekantoor aan. Moedig ook jou werknemers aan om verdagte aktiwiteite aan te meld.

23. Wees versigtig oor watter inligting jy oor jou perseel en gewoontes deel. Huis- en plaaswerkers dra dikwels dié inligting aan misdadigers oor. Doen vooraf deeglike ondersoek na die werksgeskiedenis van persone wat jy beoog om in diens te neem. Hou boek van al jou werknemers en stoor foto's van hulle en hul identiteitsdokumente.
24. Werkers of vreemdelinge moet verkieslik nie direkte toegang tot die erf hê om aan die deur te klop nie. Bring 'n interkomstelsel by die hek aan.
25. Identifiseer die veiligste kamer in die huis waarna die gesin kan vlug indien daar gevaar is. Hierdie kamer moet verkieslik 'n sterk deur of selfs 'n staalplaat hê. Hou ook noodsaaklike medisyne en kommunikasiemiddele daar binne. 'n Selfoon kan byvoorbeeld in die kamer versteek word. Maak seker dit is altyd gelaai en word net in 'n noodgeval gebruik. Elke lid van die gesin moet ook presies weet wat hulle moet doen indien daar 'n aanval is.
26. Baie bejaarde mense wil nie van hul plase wegtrek of van moderne tegnologie gebruik maak om hul plase veiliger te maak nie. In so 'n geval moet die gemeenskap en ander familielede koppe bymekaarsit om die plaas te beveilig.
27. As jy 'n vuurwapen het, moet dit aan jou persoon wees. Dit help nie dit lê in 'n kluis nie.
28. Te veel boere sien die opskerping van veiligheid as 'n duur en onnodige uitgawe. Die realiteit is egter dat die situasie só ernstig is dat geen onkoste te veel is nie.

## Ysterpeninsidente

Gedurende 2025 het snelweë landswyd steeds onder sogenaamde ysterpeninsidente deurgeloop, veral die N1, N12, N14, N4, R566 en R80. Dit is wanneer misdadigers voorwerpe soos klippe of ysterpenne in 'n pad plaas om motoriste se voertuie te beskadig sodat dié motoriste gedwing word om stil te hou.

Wenke vir ysterpeninsidente sluit die volgende in:

1. Deel jou reisbesonderhede met jou vriende en familie, soos die roete wat jy beplan om te ry en die tyd wanneer jy beplan om by jou bestemming te arriveer.
2. Moenie stilhou ná 'n insident waarin jou voertuig se bande beskadig is nie. Probeer om so ver moontlik aan te hou ry tot by 'n veilige bestemming. Jou motor is vervangbaar, jy is nie.
3. Sodra jy kan, kontak onmiddellik die polisie, 'n sekuriteitsmaatskappy, nooddienste of jou plaaslike buurtwag en stel hulle in kennis van die voorval deur die ligging van die insident te gee.

## Algemene huis- en buurtwenke

- Leer jou bure ken. Om sosiale bande met die inwoners van jou gemeenskap te bou, is van kritieke belang. Mense gee meer om vir mekaar se veiligheid en welstand wanneer hulle persoonlike verhoudings het. Goeie bure kan verdagte aktiwiteite rondom jou huis rapporteer wanneer jy met vakansie is.
- Skep 'n WhatsApp-groep vir jou buurt wat spesifiek op huisveiligheid fokus. Hierdie groep sal dien as 'n bron van inligting oor buurtaktiwiteite. Dit is egter noodsaaklik om reëls op te stel wat verseker dat slegs inligting gerapporteer word wat met veiligheidskwessies verband hou.
- Volgens die 2023/2024 *Governance, Public Safety and Justice*-opname deur Statistieke Suid-Afrika, het 19,1% van Suid-Afrikaanse huishoudings wat slagoffers van huisroof was, beserings

opgedoen. Van dié wat beserings opgedoen het, moes 75% mediese aandag kry. Belê gerus in ’n noodhulpkissie wat jy in jou huis hou. Gebruik die voorrade uit die noodhulpkissie slegs vir noodgevalle.

## Persoonlike veiligheid

- Vertrou jou intuïsie. Dit is van kardinale belang vir oorlewing wanneer jy gevaarlike situasies identifiseer.
- Let op menslike gedrag. Patrick van Horne en Jason Riley,[3] wat die konsep *left of bang* ontwikkel het, noem dat mense se gedrag hul bedoelings verklap. ’n Persoon wat ’n versteekte wapen dra maar nie in wapenhantering opgelei is nie, sal dikwels na daardie deel van hul liggaam voel waar die vuurwapen versteek is om seker te maak dat die wapen steeds daar is. ’n Ander voorbeeld is om op te let na hoe mense beweeg. Mense wat vertroud is met of gemaklik is in ’n omgewing wat hulle ken, sal gemaklik en met selfvertroue beweeg. Mense wat egter nie met ’n omgewing bekend is nie, sal stadiger en met groter versigtigheid beweeg, wat moontlik op verdagte gedrag kan dui.
- Skep ’n alledaagse veiligheidsgrypsak met ’n klein flitslig, ’n wettige verdedigingswapen of pepersproei, ’n aansteker, ’n draagbare battery of kragbank vir jou foon, en ’n pen en papier. Jy kan hierdie sak uiteraard volgens jou behoeftes en daaglikse roetine aanpas.
- Wees bewus van watter inligting jy deel, wanneer en hoe jy dit deel. Wanneer jy byvoorbeeld medisyne by ’n apteek koop, vra aptekers dikwels dat jy jou adres herhaal om jou identifikasie te bevestig. ’n Misdadiger wat langs jou staan, kan hierdie inligting hoor en later gebruik.

[3] Van Horne, P. & Riley, J.A. 2014. *Left of bang*. [E-boek]. Derde gedeelte. Beskikbaar by https://i.4pcdn.org/tg/1488350849450.pdf. Geraadpleeg op 5 November 2025.